Polsslag

Gereformeerde Kerk Benoni,
Miles Sharpstraat 24B,
Rynfield, Benoni

www.gkbenoni.co.za

Agterblad

Polsslag

7 Maart 2010

Gereformeerde Kerk Benoni,
Miles Sharpstraat 24B,
Rynfield, Benoni

www.gkbenoni.co.za

WELKOM

Die Gereformeerde Kerk Benoni wil graag al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon, hartlik verwelkom. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d. Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)

DIENSTYE

Oggenddiens: 09:00
Jeug: 17:00 (nie tydens skoolvakansies nie)
Aanddiens: 18:30

DIENSBEURTE

Hierdie week: Wyke 4,5,6,7
Volgende week: Wyke 8,9,10,11

DIE VOLGENDE LIDMATE IS VERKIES

Vir die amp van ouderling:

Willem Reyneke	Wyk 02
Roelf Herbst	Wyk 01
Hennie Venter	Wyk 02
Stephan Potgieter	Wyk 07
Pieter Muller	Wyk 09
Harrie Ligthelm	Wyk 04
Ertjies van Tonder	Wyk 09
Willem van Zyl	Wyk 14
Maarten Venter	Wyk 34
Chris le Roux	Wyk 31

Vir die amp van diaken:

René Bosch	Wyk 04
Sarel du Plessis	Wyk 20
Henco Smit	Wyk 32
Gerrie van der Merwe	Wyk 32
Jana Bezuidenhout	Wyk 34
Annette Venter	Wyk 26

GEMEENTEKAMP

Ons kamp by Mopani Lodge (23 – 27 Apr.) kom nader. Gemeentelede wat bespreek en nog nie betaal het nie, word versoek om hul betalings so gou moontlik te doen. Indien dit in die kerk se rekening betaal word, merk dit "kamp". Kontak vir Gavin -
083 448 5277 of Elma - 082 647 8948.

LIEF EN LEED

Ria Nel (072 185 8514) het die afgelope week 'n galblaas-operasie ondergaan.
Sr Ann Botes (082 588 7572) se broer is terminaal siek met kanker.
Oom Koos Coetzee het baie verswak nadat die kanker versprei het.
Louis Kruger (Koos Kruger se pa) is steeds in die Parkland hospitaal na `n baie groot operasie. Daar lê `n lang rehabilitasieproses voor wanneer hy ontslaan word. Hy en sy familie het steeds voorbidding baie nodig.
Ons wens ***Willem en Jolandi Snyman*** baie sterkte toe. Jolandi word more opgeneem vir die geboorte van hul baba. 084 799 1774
Die gewas wat by ***Anneke Salomons*** (084 840 4577) die afgelope week verwyder is was kwaadaardig.

KOLLEKTE

Vandag se **kollektes** gaan by die deure vir die **Teologiese studente kas** en volgende week vir **Arso.**

Verlede week se kollektes was **DVB. R4140** en **Bybelverspreiding R1925**.

GEREFORMEERDE KERK BENONI

Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1604 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za

POLSSLAGINLIGTING

Inligting wat in die polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. na **polsslag@gkbenoni.co.za** gestuur word. (Polsslag met 'n dubbel "s")

KOOR

Die koor het weer begin oefen. Kom sing saam tot eer van die Here. Ons kom by die teeportaal bymekaar om 17:15, Sondae, by die kerkgebou. Enige idees vir liedere en die Paasprogram is welkom.

PROJEKTOR EN KLANK

Almal wat wil/kan behulpsaam wees met die klank of projektor tydens dienste; daar is 2 persone per Sondag vir die eredienste nodig. Opleiding sal gegee word. Kontak asb. vir Tarina/Herman.

VERJAARDAE

Hartlik geluk aan almal wat in die komende week verjaar.
9 Mrt. Fouché Bornman - 0826376067
10 Mrt. Toenie Van Zyl - 0731460222
11 Mrt. Wilma Barnard - 0836673594
13 Mrt. 1989 Nicky STAPLETON - 011 845 2078

BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES

Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel.

Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder- sisteem gebruik te maak. Daar is vorms beskikbaar by Andre Bakker, of Gusta Botes. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

Gereformeerde Kerk Benoni
Absa Bank
Tjek nr. 220340 333

SUSTERSAAMTREK 13 MRT, BOKSBURG

Al die susters wat sustersaamtrek toe gaan moet asseblief na die oggenddiens voor in die kerk bymekaarkom sodat saamry-reëlings getref kan word.

WYKSBRAAI - 14 MAART

Die Interne Koinonia diakonale diensgroep bied Sondag 14 Maart om 12:00 'n wyksbraai vir wyke 1, 2, 34 en 35 na die erediens by die kerk aan. Bring eetgerei, vleis en drinkgoed en kom kuier lekker saam.

NAAMKAARTJIES

Almal word weer vriendelik versoek om hul naamkaartjies te dra. So leer ons mekaar sommer vinnig ken en bevorder ons die koinonia in ons gemeente. As jy nie meer 'n kaartjie het nie, of nog nie een gehad het nie, skryf jou naam op die lys in die teeportaal.

PAPIER-HERWINNING

Die Mondi-houer by die Farrarmere gebou is weer deur brand vernietig. Reëlings vir 'n nuwe houer is getref en dit sal by ons Rynfield-gebou afgelewer word sodra daar weer voorraad is. Intussen kan die afvalpapier steeds by die blou houers wat daarvoor beskikbaar is, afgelewer word. Die projek lewer 'n redelike ekstra inkomste per maand, so ons doen 'n beroep op almal om die projek te ondersteun.

EVANGELISASIE KOMMISSIE

Die Evangelisasie kommissie benodig nog mense om op die kommissie te dien, en ook iemand wat as leier en sameroeper kan optree. Belangstellendes moet asb. met Braam Krüger of Veronica vd Wateren in verbinding tree.

KLASSIS

Die Klassis vergader 18 Maart. Dr. Braam Krüger en br. Evert Bolt is afgevaardig om die klassis by te woon.

OP DIE PROGRAM:
Maandag: Bybelstudie 9:30 Rynpark
Depressie steungroep 19:30
Bedieningskommissie 18:00
"Band" oefening 19:00
Dinsdag: Bybelstudie 18:30
Bybelstudie 19:30
Woensdag: 20'something Bybelstudie 18:30
Donderdag: Afhanklikheidssteungroep 19:00
Gebedsgroep 19:30- by Rynpark 5 nr. 90
Bybelstudie Hoërskooljeug 19:00
Vrydag: Bybelstudie 8:30
Kidz Games 19:00
MMA 19:00
Saterdag: Susterssaamtrek Boksburg.

BYBELVERSPREIDING
Ons gemeente het in 2009 R15 073.96 vir bybelverspreiding oorbetaal en bo en behalwe dit ook nog R98 200 se Bybels (ongeveer 2 750 Bybels) aangekoop as deel van die Evangelisasie Kommissie se "2009-Bybelprojek" Baie geluk en dankie aan almal wat bygedra het tot hierdie reuse uitreik.

Br. Frans Müller beoog nou om Bybels in Zimbabwe te versprei. Ons is op soek na mense wat sal wil saamgaan, borg, of betrokke wil raak op enige wyse. Br Frans het kontak met plaaslike kerke in Zimbabwe waar daar minstens 1000 Bybels uitgedeel moet word. Die huidige prys vir 'n Bybel is ongeveer R 47.00. Meer inligting sal binnekort gegee word.

BEROEPE ONTVANG
Ds DP Prinsloo van Outjo/ Otjiwarongo/Biermanskool na Brakpan-Suid.
Ds HV Venter van Bellville-Oos na Amanzimtoti.

BEROEPE BEDANK
Dr DJ de Kock van Krokodilrivier na Windhoek

BAIE DANKIE!
Ons is baie dankbaar teenoor die Here vir sy seën met die aanbied van die lesing van dr. Ado Krige voorverlede Saterdag. Ons twee leraars, verskeie van ons kommissies, lidmate en selfs susters van buite ons gemeente was betrokke by die bekendstelling en aanbied van die byeenkoms. Baie dankie aan elkeen! Dit was 'n wonderlike spanpoging.
Die Afhankliheidsdiensgroep

Dopper Jeug

VEELS GELUK!
Geluk aan almal wat hierdie week verjaar!
11 Mrt. 2000 Nathan Katz
11 Mrt. 2008 Mathew Van Zyl (Da Silva)

TIENER BYBELSTUDIE
Donderdag om 19:00 – 21:00. Ons gesels oor musiek. Bring 'n liedjie saam.

VRYDAG – KIDZ GAMES 17:00
Ons leer hierdie Vrydag weer speel-speel uit die Bybel. Hierdie week gaan ons leer van Moses in die mandjie. Bring 'n maatjie!

KAMP
Hierdie jaar kamp ons op Jakkalsdraai in die Vredefort- koepel van 26 – 30 Maart @ R400. Laat weet Herman Kloppers as jy saamgaan 073 408 2226. Sluitingsdatum: 14 Maart

KLASSIS KUIER
Gereformeerde Kerk Benoni bied op 1 Mei 'n groot Klassis Kuier vir al die hoërskool en laerskoolkinders in ons Klassis. Al ons jeug moet asseblief die aksie bywoon!
Vir meer inligting kontak vir Herman Kloppers 073 408 2226